NHSV
Dinamies vorentoe
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, nhsvhoofbestuur@nhk.co.za, www.nhsv.org.za,
Tel 012 325 0117 / 072 801 9830, 086 693 7955 (faks).

Vroueflitse

Lente uitgawe 2017

NHSV
Dinamies vorentoe
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, nhsvhoofbestuur@nhk.co.za, www.nhsv.org.za,
Tel 012 325 0117 / 072 801 9830, 086 693 7955 (faks).

Die vriendskap, waarsonder die wêreld 'n wildernis is

Sonder vriende op wie jy kan reken, is 'n mens verskriklik eensaam en die wêreld maar 'n wildernis.

Die mens wat sy vreugde met 'n vriend kan deel, verdubbel sy vreugde en hy wat sy smart aan 'n vriend kan toevertrou, verminder sy smart.

In 'n gesprek met 'n vriend, druk 'n mens sonder moeite jou gedagtes uit en sien jy hoe jou gedagtegang in woorde vorm kry.

Uit 'n uur se gesprek met 'n vriend, kry 'n mens méér insig in 'n probleem as uit 'n hele dag se getob daaroor.

Die beste raad om op mens self toe te pas, is die teregwysing van 'n vriend.

Deur gebrek aan 'n vriend wat jou betyds waarsku, kan 'n mens groot flaters begaan en bitter dwaas optree.

Daar is meermale omstandighede in 'n mens se lewe wanneer jy nie sonder die bystand van 'n vriend kan regkom nie.

Jy kan nie self met beskeidenheid jou eie verdienste bepaal of aanprys nie. Die oorwoë uitspraak wat 'n vriend oor jou maak, aanvaar jy met waardering.

'n Mens kan dit as 'n lewenswet stel : heeltemal alleen kan jy nie jou rol speel nie. As jy glad geen vriend het nie, kan jy maar van die verhoog afstap.



- *Francis Bacon*

Soos aangehaal uit *Die Goue vreugde – Audrey Blignault (1985)*

Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, nhsvhoofbestuur@nhk.co.za, www.nhsv.org.za,
Tel 012 325 0117 / 072 801 9830, 086 693 7955 (faks).

Ontvangs van ‘n nuwe predikantspaar

Karin Steenekamp

Lente het hierdie jaar bietjie vinniger, meer onverwags en “skerper” aangebreek as wat ons gewoond is. Maar lente, of sommer vroegsomer, is hier!! Net soos lente ‘n nuwe begin in die natuur is, waar alles wat bietjie gerus het deur die winter, weer begin groei, is die ontvangs van ‘n nuwe predikantspaar in ‘n gemeente ook ‘n nuwe “begin”. Hierdie is ‘n feestelike geleentheid in die gemeente en word dienooreenkomstig gereël! Onthou altyd, eerste indrukke is blywend. Dit is die geleentheid om die nuwe “familie” welkom te laat voel.

Idees vir die vrouelidmate in die gemeente

Die voorsitter van die NHSV of aangewese vrouelidmaat kontak vooraf die nuwe predikantsvrou of vroueprediKant en vind uit wanneer hulle beplan om te arriveer, benodig hulle dalk hulp met die uitpak, aflaai, hang van gordyne, oorslaapplek vir die eerste nag of twee en benodig hulle dalk die dienste van ‘n huishulp. Hier is dit egter baie belangrik om hulp aan te bied, maar die privaatheid van die pastoriegesin behoort te alle tye gerespekteer en beskerm te word. Indien skoolgaande kinders betrokke is, is dit bedagsaam om vooraf die verskillende skole se telefoonnommers en webwerwe aan die gesin te stuur.

Die gemeente/kerkraad is daarvoor verantwoordelik dat die pastorie skoon en netjies is. Die NHSV en vrouelidmate is gewoonlik betrokke by die volgende:

- Badkamers kan toegerus word met toiletpapier, toiletsproei, handewasseep, handdoek en handeroom.
- In die kombuis is skottelgoedseep en ‘n vaddoek of twee altyd ‘n wenner. ‘n Ketel met bekers en teelepels op ‘n skinkbord met ‘n skinkbordlappie en ‘n net oor, bietjie tee, koffie, suiker, melk en beskuit is altyd ‘n treffer. ‘n Bottel water met glase is nie nét welkom nie, maar noodsaaklik. ‘n Bottel koeldrank of twee en ‘n pak ys in ‘n koelhouer wat geleen word, sal ook vir die nuwe intrekkers ‘n lafenis bied.
- ‘n Potjie met vars blomme uit die tuin is net die ding om hulle welkom te laat voel. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie mense moeg na liggaam en gees is. Hul moes nie nét inpak nie, maar ook groet wat ‘n emosionele impak het. Dit is beleefd om in ons dag maar kort te verwelkom, dalk tee aan te bied en dan te vertrek sodat die nuwe gesin op hul eie in hul nuwe woonplek kan intrek en uitpak.
- Met die aankoms van die predikant en sy gesin by die pastorie is daar gewoonlik vrouelidmate wat hulle ontvang met iets te ete wat ‘n eenskottelgereg met slaai en broodjies kan wees – onthou om borde, eetgerei en servette te voorsien. Afhangende van die omstandighede kan daar nog vir ‘n dag of twee ‘n ligte ete voorsien word – lig die predikantsvrou betyds in van julle hulp.
- Skakel gereeld om te hoor of daar enige hulp benodig word. Los kontaknommers wat hulle kan skakel indien hulle enige hulp benodig. ‘n Jaarprogram en gemeentekalender kan handig te pas kom - dit wys dat die gemeente uitsien om saam met hul die pad te stap en laat hul deel voel van die nuwe kerkfamilie.
- Die oggend van die predikant se ontvangs is die pastorie gewoonlik vol familie en vriende wat oorslaap vir die ontvangs. ‘n Oulike idee is om ‘n houer met muffins en smere Saterdag oor te neem vir Sondag se ontbyt - lig die predikantsvrou in van jul beplanning. Nie alleen bespaar dit hul tyd nie, maar help haar ontspan.

NHSV
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, nhsvhoofbestuur@nhk.co.za, www.nhsv.org.za,
Tel 012 325 0117 / 072 801 9830, 086 693 7955 (faks).

KRUIE

Karin Steenekamp

Kruie speel nie net 'n geweldige groot rol in die geneeskunde nie, maar het die laaste paar jaar geweldig toegeneem in gewildheid as geurmiddels in die kookkuns. Hier is twee resepte met kruie wat heerlik is!

GEBRAAIDE LAM MET ROOSMARYN EN KNOFFEL

Bestanddele :

6 – 8		medium aartappels	13		knoffelhuisies
13		klein roosmaryntakkies	13		klein spekvleisrepies
1 X 1.5 kg		lamsboud	200	ml	olyfolie
Sout en peper na smaak			200	ml	wynasyn
100	ml	water	1		knoffelbol

Spekvliesrepe om oor boud te plaas

Metode :

Skil die aartappels en maak halfpad gaar. Dreineer en hou eenkant. Draai 'n knoffelhuisie en roosmaryntakkie in elke spekvleisrepie toe. Maak 13 insnydings net onder die vel van die lamsvleis en steek die rolletjies daarin. Bind die vleis op om alles in posisie te hou. Vryf olyfolie, sout en peper in vleis in.

Braai sowat 20 minute in 'n oondbraaipan in 'n voorverhitte oond by 225ºC (450ºF). Verlaag die temperatuur tot 180ºC (350º), giet die asyn en water in die braaipan en braai nog 1 uur. Bedruip gereeld.

Bestrooi aartappels met sout, peper en olie. Sny die knoffelbol in die dwarste middeldeur. Rangskik die aartappels en die knoffelbolhelftes rondom die vleis sowat 'n halfuur voordat die braaityd verstreke is en plaas die spekvleisrepe bo-oor die vleis.

Verwyder die vleis uit die pan sodra die braaityd verstreke is en laat dit 5 minute in die lou-oond staan voordat dit gesny word. Dien op met gebraaide knoffel-aartappels.

EENVOUDIGE VINAIGRETTE

Bestanddele :

200	ml	elk olyfolie en sonneblom- of mielieolie	200	ml kruie-asyn van jou keuse
30	ml	(2 e) vars suurlemoensap	5	ml (1 t) mosterdpoeier
45	ml	(3 e) suiker	2.5	ml (½ t) peper
10	ml	(2 t) sout	4	knoffelhuisies, fyngedruk

Fyngekapte vars kruie van jou keuse (laat dit ooreenstem met die kruie-olie)

Metode :

Plaas alles saam in 'n fles en skud goed. Proe vir geurmiddels, en pas aan. Bêre verkieslik buite die yskas, aangesien koue die olyfolie verdik. Gebruik op enige groen slaai.

Audrey Blignault – Afrikaanse skrywer

Biografiese inligting

Audrey Bettie Blignault (née Swart) is op 6 Julie 1916 op Bredasdorp gebore. Sy matrikuleer in 1933 op dié dorp en studeer Afrikaanse letterkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy behaal 'n MA-graad in Afrikaans en Nederlands en 'n Sekondêre Onderwysdiploma.

In 1940 begin sy onderwys gee op Wellington en later Stellenbosch. In 1945 word Audrey die redakteur van *Die Huisvrou* en later is sy redakteur van *Die Naweekpos*. Sy het ook sedert 1946 die SAUK se *Vrouerubriek*-program behartig en sedert 1950 was sy ook 'n rubriekskrywer vir die tydskrif *Sarie.*

In 1955 verskyn haar eerste boek, *In klein maat: uit die dagboek van 'n vrou*.

Audrey ontvang die Eugène Marais-prys in 1961 vir *In klein maat* en *Die vrolike lied*.

In 1965 word sy met die WA Hofmeyr-prys bekroon vir *Met ligter tred*.



Sy ontvang 'n eredoktorsgraad aan die Universiteit van Stellenbosch in 1990 en sy publiseer 19 boeke vanaf 1955 tot 2008.

Sy is op 1 Oktober 2008 in Kaapstad oorlede en haar laaste boek *Audrey Blignault: uit die dagboek van 'n vrou,* wat in 2009 by Tafelberg Uitgewers verskyn, is saamgestel deur haar dogter Marié Heese.

Audrey se dogter Marié Heese is ook die skrywer van verskeie boeke getiteld *Die uurwerk kantel* (1976), *Die pikkewouters van Amper-Stamperland* (1984) en *The Double Crown* (2009).

Medewerkers Lente uitgawe 2017:

Redakteur & bladuitleg:	Mari-lizé Beukes
Subredakteurs:	Karin Steenekamp
Teksversorging:	Annali Venter & Mari-lizé Beukes

Teken in op *Vroueflitse* – stuur 'n epos aan Rozelda Nel - nhsvadmin@nhk.co.za